# *Sommer net ...*



## *Lofsang in die Nuwe More*
## *uit "Het Woord Vandag"**

*N. Warner*

***Daardie oggend toe die sterre saamgesing het***
***en al die hemelinge gejubel het.*** [1]

"Toe het God gesê: *'Laat daar lig wees!'* En daar was lig." En dit was goed.
Lofsang kon in die hemel opklink. So het die engele gedink, toe die begin van die mens aanbreek.

Wat toe gebeur het, weet ons en dit bedroef ons. Maar daar is ʼn nuwe môre, gebore uit die Kersnag. Dit is wel nog donker. Die wêreld gaan skynbaar gewoon sy gang.

Maar die engele sien die Kind, weer ʼn Adam, weer ʼn beeld van God, ʼn nuwe begin.
Een van hulle is gestuur om dit aan die herders te vertel. En die ander engele haas hulle om saam te sing. ʼn Hemelse sangkoor in die donker nag.

Die engele buig oor die versoendeksel om die wonder van die bloed ter versoening te sien. Hulle begryp dit nie, maar begeer om te verstaan. Dat God groot dinge doen, as Hy die wêreld voorberei vir die mens, en nog groter dinge as Hyself die mense-wêreld binnetree, dit sien die engele. Hulle sing lofliedere, wanneer die aarde sy fondament kry, sou hulle dan nie sing wanneer die Seun van God die aarde betree nie? Dit is asof hulle Hom, wat die hemel verlaat, vergesel; 'n singende begeleiding.

Maar hul sang in die hemel voor God se troon, toe daar nog geen mens was om dit te hoor nie, word in hierdie nag ʼn boodskap aan die herders. En verder sal die sang uitkring, die engelelied, oorgeneem deur mense en ʼn boodskap aan miljoene wat Kersfees vier, of aan hulle wat die Evangelie op die Fees hoor.

Daar breek ʼn blye môre aan, ʼn dag van belofte: Jesus Christus begin ʼn nuwe skepping. Daarom sing die Môrester in die nag.

*******

**Bron: “Het Woord Vandag,”* N Warner. N.V.Uitgeversmaatschappij de Graafschap—Aalten. p92

1. Job 38:7 Lukas 2:13 (Die Bybel, ’83 Vertaling )